

VOORWOORD

GERRIT JORDAAN

Mede-redakteur

*D*is September 2012 en die vyf groot klokke lui lank en deurmekaar in die klein Boergondiese dorpje in Frankryk. Dit is die oproep vir hierdie week se 7 000 Taizé-gangers om, soos elke oggend, na die oggendaanbiddingsdiens toe te gaan. By die ingange staan jong mense met plakkate waarop daar “stilte” geskryf is; daar is ook ’n teken wat verduidelik dat ’n selfoon slegs welkom is indien dit afgesit is. “Trek jou ook tog netjies aan”, wys ’n ander skets. Sangboekies en afdrukke in ’n paar tale van die dag se Skriflesing lê naby die ingang opgestapel. Ek stap by die verligte ikone verby na die voorste deel van die kerk, oorkant die orrel, en kry my sit op ’n trap. Een van die jong besoekers – ek skat hom so in sy tweede jaar op universiteit – het voor die orrel ingeskuif en speel uit J.S. Bach se “Orgelbüchlein”. (Tydens my vorige besoeke was die voorafmusiek ’n CD met Barokmusiek of was daar net stilte.) Die lig is gedemp; die voorkant van die aanbiddingsruimte is verlig met honderde kerse en lig kom van buite deur kleurvensters met tonele uit die Evangelieverhale. So onder die geklank van die orrelkorale deur kom die broeders een-een ingestap in hulle wit monniksgewade en gaan sit op die vloer of op ’n bidbankie, soos ’n groot koor in die middel van die ruimte, tussen al die besoekers. Sodra die broeders voltallig is, verskyn ’n nommer elektronies teen die mure. Almal blaai tot by die lied en ’n venster gaan skielik in my oop as die vierstemmige gebedesang die kerkruiimte vul.

In hierdie uitgawe van *Vir die Musiekleier* word vier artikels geplaas wat na ’n ewewig tussen verskillende uitgangspunte soek. Die eerste artikel handel oor kerkgangers se tuisvoel in ’n erediens, almal met hul eie verwagtinge – hetsy dit ’n beredeneerde of ’n gevoelsmatige belewenis, ’n oproep tot aksie of ’n soeke na mistieke verinnerliking is. **Ockie Vermeulen** dink na oor die invloed van hierdie voorkeure op gemeentesang; die praktyk toon dat sommige liedere deur die meerderheid kerkgangers van harte gesing word, terwyl ander liedere oënskynlik met ’n gemompel verby gaan, maar dalk tog ’n ander behoefte aanspreek. Dit is orreliste se taak om die registrasie en tempo van korale aan te pas in ooreenstemming met die verskillende emosies wat in die liedtekste voorkom. Dit skryf **Martina Viljoen** in ’n artikel wat oor die klaagpsalms handel. Die struktuur van die psalms wissel tussen uiteenlopende emosies. Haar vraag is of die postmoderne mense iets van die diepgang mis en nog kan sing as dit oor iets soos hartseer gaan.

Hoeveel jonges het met nat oë uit die Taizé-oggenddiens gestap, geraak deur die atmosfeer wat daarvoor geskep is? Buite, tussen die groen heuwels en oop gesigte, is daar weer ’n ander belewenis. Dit is etenstyd en voor die tent hoor ek Duits, Frans, Tseggies, Nederlands, Spaans, Engels en, hoor ek reg, Afrikaans? Dis sowaar ’n groep boere van Pretoria-Oos! Met twee stukkie stokbrood, konfynt, bredie, ’n appel en ’n koppie water op die skinkbord het almal saam gaan sit en begin met “Waar kom jy vandaan?”, totdat die gesprek gevorder het na “Het julle lus om more saam te gaan na die buurdorp Cluny toe?” Met die aanhoor van die Cluny-besoekplanne is ek dadelik vuur en vlam. Ek sien al jare daarna uit om die oorblyfsels te sien van een van Europa se Middeleeuse aanbiddingsentra, die Cluny-katedraal, wat so jammerlik geplunder is in die Franse rewolusie. Oorblyfsels uit die eens indrukwekkende katedraal, soos die tapisserieë, brandglasvensters, handgekopieerde Bybels en geskifte, het ek ’n paar jaar

vantevore in 'n museum in Parys gesien. Toe ons die volgende dag in Cluny aankom, was dit wat oorgebly het, genoeg om lank te beskou en om te wonder oor hoe dit alles eens daar uitgesien het.

Theo van Wyk en **Karen Junqueira** het 'n ou boek weer oopgemaak – Kauffmann se *Harmonische Seelenlust* (1733). Hierin is 'n stel Duitse koraalvoorspele uit die laat-Barok en by meeste van die voorspele is aanduidings van die registrasie gegee. Die Duitsers was maar versigtig om té voorskriftelik te wees en vandag moet orreliste wat erns met hulle vak maak wyd gaan lees om idees te kry oor hoe om 'n koraalvoorspel (van byvoorbeeld J.S. Bach) te registreer. Kauffmann gee 'n hele paar leidrade vir registrasiepraktyk uit daardie tydperk in middel-Duitsland. Met oop ore en goeie oordeel kan ons uit hierdie klanktapissierieë 'n palet van klankkleurkombinasies saamstel vir gebruik by koraalvoorspele wat soortgelyke teksture bevat.

Na die Taizé-middagaanbiddingsdiens en die 'amens' wat nog in ons binne-ore draai, raak ek aan die gesels met een van die Pretorianers en vertel ek haar van die uitdrukking, 'neti-neti', wat in ou Sanskrit-geskrifte graag ná definisies ingevoeg is en wat, anders as 'amen', 'it is not this alone' beteken. Dit is hoe Mark Tully, wat lank in Indië geleef het, 'neti-neti' opsom; volgens hom sal daar altyd vrae wees – dit is 'n lewensuitkyk wat hy met die Indiese psige verbind. My gespreksgenoot verskuif toe die balans en vertel my van 'n ervaring wat sy die vorige dag beleef het. Saam met 'n Europeër wat sy by Taizé ontmoet het en wat homself as gids aangestel het, het hulle in die pragtige omgewing gaan stap. Meteens beland hulle toe op 'n moeilike paadjie wat op die rand van 'n afgrond is en al genade was om daaroor te gaan. Die Europeër wat al voorheen daar gestap het, het toe sy hand uitgehou om te help en aan haar gevra: "Do you trust me?" Die woorde het haar skielik diep getref. Sy het gewonder of sy haar veiligheid aan hierdie vreemdeling kon toevertrou, maar het toe wel sy hand gevat en die eerste treë gegee. Dit was haar antwoord op my 'neti-neti'-storie.

O God van Jakob is 'n lied wat oor vertroue handel. Deur die eeue heen is die teks en melodie aangepas en is die lied van Europa na Suid-Afrika gebring, waar dit weer verder aangepas is. **Hetta Potgieter** het die onderwerp tydens die Gawie Cillié-gedenklesing aangeraak en in die vierde artikel van hierdie uitgawe besin sy verder oor hoe 'n lied in "verskillend gevormde monde" toegeëien word en 'n "ons"-lied word. So 'n lied kan plaaslik en internasionaal 'n vergestaltung van geloof word.

Na my Taizé-besoek kuier ek die volgende week aan huis van my jarelange Switserse vriende wat ek een wit winter in Taizé ontmoet het. Ons wonder wat dit is wat ons so boeiend daar gevind het: Sou dit die stilte wees, die hang in die akkoorde, die woorde van vertroosting en deernis wat ons so oor en oor gesing het, die saam aanbid (al is almal van soveel uiteenlopende kulture), die gesigte van ander soekers, die gesprekke rondom Bybelstudies, die kuier oor 'n koppie Milo, die vrywillige takies wat almal moet doen, die stap in die natuur, die geleentheid om ná elke diens met een van die broeders te gesels of te gaan bid by die kruis terwyl die musiek aanhou om te salf? Is dit omdat klank en geloof soms hier bymekaar uitkom?

Die komponis **Anton Esterhuysen** vertel in 'n gesprek met **Hattingh Davel** iets van sy uitdagings as hedendaagse kerkmusiekverwerker. Spesiaal vir hierdie uitgawe sluit hy 'n verwerking van *O God van Jakob* in afwisseling met *FLAM 5* vir orrel/klavier en fluit en 'n diskant vir Lied 292 in.

Mario Nell en **Christiaan Carstens** bespreek 'n paar boeke en CD's wat orreliste weer lus kan maak om hulle orrelskoene aan te trek. Herman Jordaan bespreek ook die inhoud van twee skakels op SAKOV se webblad. Hopelik is daar iets inspirerends te vinde wat ook bruikbaar is. En om hierdie 'lusmaak' verder voort te sit, is 'n kort uittreksel-CD ingesluit wat 'n proe

bied van hierdie jaar se SAKOV projek – ’n dubbele CD met orrelkoraalvoorspele uit SAKOV se Fees- en Erediensmusiekbundels, volumes 1 en 2. Dit bevat meer as twee ure se musiek.

Teen die einde van Oktober was ek terug in Suid-Afrika, maar daar was eers kans vir die speel van drie orrelkonserte in Nederland, om vriende tussen Londen en Milaan op te soek, en om my voete seer te stap tussen kunsmuseums, musiekkonserte en lekker eetplekkies. Dit was ook weer ’n geleentheid om stil te sit en my binneste te vul. Met my terugkoms was daar werk wat gewag het – die opnames vir die SAKOV-CD moes afgehandel word. Die komponiste het, waar moontlik, self hulle komposisies gespeel. Soms was dit moeilik om goeie klankbalans te verkry, veral as die werk op ’n ander orrel gekonseptualiseer is. Een so ’n stuk was die eerste variasie van “Die Heiland is gebore”. In Universiteitsoord speel Willem Luitingh toe, na ’n gesukkel met balans, die begeleiding as ’n eksperiment op die swelwerk se strykerregisters, terwyl Gerrit Olivier die melodie ’n oktaaf hoër met die linkerhand op die hoofwerk se kwintadeën 16’ speel. In hierdie mooi klank-ewewig het ek weer besef dat dit nêrens vir my beter is as om hier naby, hier tussen almal, net hier met musiek besig te wees nie (neti-neti).

Desember 2012